Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

16 Maart 2018
Nr 9/2018

Warm nuus!

❖ Behuising vir selfstandige bejaardes bo 60 – sou jy belangstel?

'n **Lewensvatbaarheidsstudie** word tans gedoen om ***Rusoord Ouetehuis*** *op Bela-Bela (Warmbad)* uit te brei na ***AcaDeo Kampterrein*** (voorheen Emmarentia Geldenhuys Sending Sentrum).
Die uitbreiding het ten doel om *een- en twee slaapkamer woonstelle* aan selfstandige bejaardes bo 60 beskikbaar te stel op 'n huur basis.
Sou jy belangstel of weet van iemand wat sou belangstel? [Lees dan hier verder...]
Sperdatum vir terugvoer: ***30 Maart 2018***

❖ Skoliekamp: Graad 11 & 12

Sinodes Noord en Oos vat hande: 2-8 April 2018:
Die tyd raak min!! Skryf nou in!!

- **Vir inligting oor die kamp** en die **kampterrein**, besoek: http://www.skolliekampe.org.za/; Skolliekamp 2018 Mpumalanga / Gauteng en Kruisrivier Kampterrein.

Kennisgewing: Volledige inligting asook die inskrywingsvorm is verlede Vrydag per e-pos aan elke gemeente in ons sinodale streek gestuur.

❖ #IMAGINE nuwe fees in die Noorde!

Registrasie vir hierdie jaar se #imagine jeugfeeste is reeds aan die gang. Hierdie jaar word daar 'n nuwe fees by **Zwartkloof**, Bela-Bela gehou – dis lekker naby vir almal in die Noorde. Die laaste naweek in die skoolvakansie, van ***6-8 April 2018*** hoop ons om 2500 tieners van regoor die noorde van die land bymekaar te kry om ons identiteit in Christus te vier en ons geroepenheid in ons gemeenskappe te bevestig. #Imagine is 'n wonderlike kans om tieners bloot te stel aan die groter kerk en hulle te inspireer om 'n verskil in hierdie land te maak.

- **Individuele kaartjies en groepsbesprekingsvorms** is beskikbaar by itickets.co.za, of info@imaginemovement.co.za
- **Vir navrae**, kontak gerus vir *Fouché de Wet*, NG Stellastraat, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za

Sinodale nuus

❖ **Taakspan Kerklike Ondersoeke**

Volgende Donderdag, ***22 Maart 2018***, 09:00-15:00, is daar 'n werkswinkel met betrekking tot die proses wanneer 'n ring 'n tugondersoek moet hanteer. Een verteenwoordiger uit elke ring is genooi. Enige iemand anders is egter ook welkom om dit by te woon. Die werkswinkel is by die NG Gemeente Waverley.
Kontak Attie Nel (082 418 5054 / attie@ngwaverley.co.za) vir verdere navrae.

❖ **Bybel-lees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***20 Maart 2018*: **Skriflesing**: Jesaja 50.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ **Jakaranda Kinderhuis: Dringende oproep vir betrokkenheid van gemeentes**

Drian Viljoen [Kameeldrif] skryf soos volg:

"Ons is opsoek na gemeentes wat moontlik betrokke kan raak by Jakaranda KInderhuis op 'n maandelikse basis. Die behoefte aan ondersteuning vir individule huise is groot. Daar is tans drie huise (uit twintig) sonder gemeentes wat hul maandeliks ondersteun.
Ondersteuning is uiteraard grootliks finansieel van aard vir onder andere die aankoop van kos; skoolgoedere en vele meer. Sonder gemeentes wat die huise ondersteun is die las baie groot op onderskeidelik die huisouers en uitteraard die kinders self.
Ons verneem dat nie almal die kinderhuis se uitleg en opset verstaan nie en nooi daarom enige gemeente uit wat belangstel om met my (084 608 2859) te skakel vir meer inligting".

Kolleganuus

❖ **Bevestiging / Vertrek**

Hanré (Han) Janse van Rensburg (Fakulteit Teologie, UP) word Sondag 18 Maart 2018 by Ooskerk (Pretoria-Oos) bevestig.
Herman Carelsen (Florauna) het 'n betrekking by 'n privaat maatskappy aanvaar. Sy afskeid vind op 18 Maart 2018 om 9:00 plaas.

❖ **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

19/03 Jan van den Berg [Emeritus, 083 415 4938, janbergpta@gmail.com]
20/03 Chris Nel [Emeritus, 082 576 2994, skanskopc@lantic.net]
23/03 Roelf Opperman [Kameeldrif, 082 335 1156, roelf007@gmail.com]
Dawie Swart [Emeritus, 082 707 5293]
24/03 Dieter de Bruin [Pretoria, 083 375 3457, debruindieter@gmail.com]

****

19/03 Dot Olivier [Magalieskruin, 012-548 1300, dotja@telkomsa.net]
22/03 Dorette Horn [Wonderboom, 012-567 2396, emhorn@telkomsa.net]
24/03 Petra Strydom [Dalunie, 082 946 2331, sjstrydom@smilax.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**

Warmbad [Gestig: 22/03/1922]
Potgietersrus-Suid (Hulp en Hoop) [Gestig: 23/03/1986]
Petronella [Gestig 23/03/1955]

Louis Trichardt [Gestig 23/03/1906]
Rooihuiskraal [Gestig 24/03/1985]
Pretoria-Tuine [Gestig 24/03/1955]

- **Florauna:** **Oorwinningsfees** **waartydens Jesus se lydensweg herdenk word -** *Met 'n treinrit, stop mens by stasies en ervaar die uniekheid van elke stasie. Met Jesus se kruisstasies is mens óók op reis en ervaar jy iets van Jesus se lydenspad, van Getsemané tot by Sy opstanding.*
  Jy gaan self besluit hoe lank jy by elke stasie wil vertoef, watter van die Bybel gedeeltes jy wil lees en aan watter aktiwiteite jy wil deelneem – Plant 'n saadjie; slaan 'n spyker in 'n kruis; Proe die asyn en beleef iets van Christus se liefde en genade vir jou.
  Kruisstasies (Ingang gratis): ***22—23 Maart***: 09:00—19:00 / ***24 Maart***: 09:00—14:00 / ***25 Maart***: 09:00—12:00 / ***30 Maart***: 09:00—17:00 / ***1 Apri:l*** 08:00—12:00.
  Kosstalletjies: Sa. 24 Maart 2018 : 09:00– 14:00 - Pannekoek, Poeding, Hamburgers, Worsbroodjies *(Hamburger en Worsbroodjie kaartjies kan deur die week by die kerkkantoor en Sondag na die erediens gekoop word @R30-00)*
  Teetuin en Mark: 22—23 Maart: 09:00—19:00 / Sa. 24 Maart: 09:00—14:00
  Antieke & eksotiese motors uitstalling: Sa. 24 Maart: 09:00—14:00
  In die Berg Musiekkonsert: (±06:00) So. 1 April 2018 met sonsopkoms (R30-00 pp)
  Navrae: Kontak die Kerkkantoor soggens by 012 565 5724 vir verdere inligting.
  Adres: Berglaan 685, Florauna.

- **Waterkloof**: **Sewe Sterwende Stemme**
  Die Sewe Laaste Woorde van ons Verlosser aan die Kruis" – Franz Josef Haydn
  `n Keur prosa uit die fiksie *van Karel Schoeman*
  Strykkwartet *Evolution of 4*: Johanna Roos en Ané van Staden (viole), Valery Andreev (altviool) en Jessica Bailey (tjello); Cas Wepener – Leser
  Datum: ***25 Maart 2018*** [16:00]
  Kaartjies: R100 p/p [kaartjies is by die deur te koop]
  Adres: Deystraat, Waterkloof.

Ander nuus

- **Excelsus kursusse**
  A two-day symposium: with renowned Preacher and Homiletician **prof Tom Long**
  Theme: Preaching from Memory to Hope
  When: ***19 & 20 March 2018*** [09:00-16:00]
  Where: NG Stellastraat
  Cost: R 480-00 (inclusive of lunch and refreshments)
  - **Voltooi asseblief** die **inskrywingsvorm** en stuur na excelsus@up.ac.za: Kliek hier

- **New Beginnings Mediation: Werkswinkels**
  Parental Alienation Workshop - Parental Alienation is when one parent alienates the children from the other parent to such an degree that the children are negative about the parent that is alienated.
  When: ***23 March 2018*** [8:30 to 14:30]
  Where: 56 Gladiator street, Rhodesfield, Kemptonpark
  Contact: Leon Forsman 081 706 0404 or Nothando Munjomo 011 975 8220 for môre details
  Costs: Tutela personel free. All other participants R400 per person

- **HospiVision: CPD Course - Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story**
  Date: ***21 April 2018*** in Pretoria
  Where*: DR Lynnwood Church, 439 Sussex lane, Lynnwood: registration 9.00. Workshop 9.30 – 12.45 (15 min coffee break in between).*

Theme: Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story - *Presented by Janine Kendall (Counseling Psychologist: Senior Lecturer at Pearson Institute)*
Costs: R800. 3 Ethics CPD points pending (HPCSA: Medical and psychology (6 ethics points); SACSSP; SAAP/CSPC; DRC Ministers).
Contact June Kriel if you need to clarify any information. Tel 012 329 9492. / Email friend@hospivision.org.za

❖ **Greyton feesvieringe: Uitnodiging aan oud-lidmate...**
Greyton NG Kerk in die Overberg in die Wes-Kaap vier vanjaar sy **100-jarige** bestaan gedurende ***21-23 September 2018***.

❖ **Nuusbriewe**

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za] – **Strydom Bruwer** skryf dat die fokus dié week op die *April-uitgawe van LiG* en die nuwe *kategese-reeks vir kleiner kinders* is. [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus:** ***Christianity in Eurafrica*** is 'n formidabele boek, noukeurig nagevors en goed geskryf deur 'n professionele geleerde. In die eerste gedeelte volg die boek die geskiedenis van die kerk in Europa, wat die oorsprong van teologiese diversiteit tot vandag toe verduidelik. In die tweede gedeelte van die boek vertel die skrywer hoe die Christelike geloof suid beweeg het, wortel geskied het in Afrika en onafhanklik gegroei het, maar altyd in verhouding tot die wêreldwye liggaam van Christus. Baie prente en illustrasies dien om die gebeurtenis verder te verlig. Steven Paas was vir baie jare dosent in Malawi; Hy skryf vanuit 'n grondige kennis van en liefde vir die Here se kerk, veral in Afrika. *Christianity in Eurafrica* word sterk aanbeveel vir studente en geleerdes en almal geïnteresseerd in die geskiedenis van die kerk van God.
Kontak CLF by +2721 873 6964, epos info@clf.co.za of besoek ons webwerf www.clf.co.za.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **'n Menswaardige bestaan vir elkeen in die land.**
- **Plekke waar dit steeds baie droog is.**
- **Lydenstyd.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **UP Fakulteit Teologie: Gelegitimeerde proponente 2017**
- ❖ ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ❖ ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ❖ ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
- ❖ ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]
- ❖ ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ❖ ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
- ❖ ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
- ❖ ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
- ❖ ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
- ❖ ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

Terug

BYLAES

Verlenging van Rusoord Ouetehuis na AcaDeo Kampterrein

Lewensvatbaarheidsstudie

Daar word ’n lewensvatbaarheidsstudie gedoen om Rusoord Ouetehuis op Bela-Bela (Warmbad) uit te brei na AcaDeo Kampterrein (voorheen Emmarentia Geldenhuys Sending Sentrum). AcaDeo Kampterrein is geleë teen die Waterberge op die R101 roete oorkant Klein Kariba ATKV oord. Die uitbreiding het ten doel om een en twee slaapkamer woonstelle aan selfstandige bejaardes bo 60 beskikbaar te stel op ’n huur basis. **Ingesluit** by die huur is die volgende:

- Behuising is binne ’n sekerheidsgebied;
- Voorafbetaalde elektriese meters;
- Winkel op die terrein wat basiese benodigehede verkoop;
- Oop onder dak parkering per woonstel;

- Vrye toegang/beweging tot die terrein van 25 Ha met ’n verskeidenheid wildsoorte; en
- Gereelde kerkdienste in ’n kerk op die terrein.

Nie ingesluit by die huur nie, maar beskikbaar teen ekstra koste is:

- Elektrisiteit deur voorafbetaalde kragmeters;
- Een gebalanseerde ete per dag teen bilikke prys;
- Haarsalon;
- Karavaan staanplekke en gastekamers vir kinders, familie en vriede wat besoek aflê;
- Gereelde besoek op die terrein van Rusoord se medies personeel; en
- Vervoer per bussie na Bela-Bela winkels op ’n gereëlde basis.

Die ***beoogde*** prys vir die eenhede is:

- R 3 600.00 vir een slaapkamer eenhede; en
- R 4 200.00 vir twee slaapkamer eenhede.

Indien u sou belangstel of iemand ken wat sou belangstel wil ons u versoek om ons voor ***30 Maart 2018*** te kontak by:

Tel.	AcaDeo Kampterrein	014 736 2783
	Rusoord Ouetehuis	014 736 2340
Faks.	AcaDeo Kampterrein	086 726 4799
	Rusoord Ouetehuis	014 736 2332
e-pos.	AcaDeo kampterrein	info@egst.co.za
	Rusoord Ouetehuis	anne@rusoord.co.za

Ons sien uit om meer inligting aan u oor te dra.

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 5/2018

Die April-uitgawe van LiG vertel ...

Ons vier Paasfees in LiG se April-uitgawe! Lees hoe ons God se omgee by die kruis beleef, en hoe jy jou oorvloed in Jesus kan vind. Daar is ook 'n mooi krans wat jy met lap en knope kan maak.
Ons gesels met Rina Hugo oor haar loopbaan en haar huwelik van byna 50 jaar. En hoor Hykie Berg se inspirerende storie waar hy Jesus se liefde gesien en gevoel het.
Ons gee raad oor hoe om met jou kind oor geweld in die Bybel te praat, en wat jy kan doen om jou kind se geestelike gawes te ontdek.
Lees die verhaal van 'n vrou wat deur haar kuns genesing vind, en 'n gewone man wat die wêreld verander deur stories voor te lees.
Ons wonder ook oor genadedood, en wat ‘n gelowige daarvan moet dink.

Jongste Bybelkor-publikasies ...

Laat die kindertjies na My toe kom – Kinderkategese

Hierdie ses aktiwiteitsboeke bied aan jong kinders selfdoen-aktiwiteite gegrond op sleuteltekse in die Ou Testament (boeke 1 – 3) en die Nuwe Testament (boeke 4 – 6) van die Bybel.
Deur hierdie aktiwiteite leer ken die kinders op ’n prettige manier 90 stories uit die Ou en die Nuwe Testament wat ’n belangrike rol in ons geloofsvorming speel.
Prys: **R35,00** elk (BTW en posgeld in RSA ingesluit). Reeds beskikbaar.
Hierdie reeks van ses aktiwiteitsboeke is ook in Engels beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Strydom Bruwer
Bybel-Media
E-pos: strydom@bmedia.co.za
Tel: 021 864 8223

Terug

Excelsus - Simposium: Tom Long

19-20 Maart 2018

Dr. Thomas Grier Long is the Bandy Professor of Preaching at Candler School of Theology at Emory University in Atlanta, Georgia. He received his Ph.D. from Princeton Theological Seminary in 1980. He began his career as a preacher at McElroy Memorial Associate Reformed Presbyterian Church near Atlanta, Georgia and since that time has taught at a number of seminaries, including Erskine, Columbia, Princeton, and Candler.

In 1996, Dr. Long was named one of the twelve most effective preachers in the English speaking world by Baylor University, along with the likes of Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor and William Willimon. He was ordained in the Associate Reformed Presbyterian Church and currently a minister in the Presbyterian Church (U.S.A.). He is married to professor of sacramental and liturgical worship Kimberly Bracken Long.

Dr. Long's field is in Homiletics and is a strong proponent of the two pillars of preaching: strong exegetical work held alongside with strong presentation skills. Preaching magazine named his Witness of Preaching one of the 25 most influential books on preaching in the past 25 years.[1] A standard textbook in seminary and undergraduate preaching courses, the book advocates exegetical method seeking to discern a claim from the text to provide clarity of focus and function in sermons.

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selfoon)	

Registrasie	Fooi	**R480,00 per persoon**
	Kursus	**Simposium: Tom Long**
	Kursusdatum	**19-20 Maart 2018 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)**
	Sluitingsdatum	**14 Maart 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**

	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug